23.12 ADVIESVRAAG – STREEKSINODE PRETORIA OOR UITSAAI-EREDIENSTE (Art 153)

23.12 QUESTION OF ADVICE – REGIONAL SYNOD PRETORIA ABOUT BROADCASTING OF PUBLIC WORSHIP (Art 153)

A. Ds JAG Henning stel die Adviesvraag.
Rev. JAG Henning tables the Advisory question.
B. Dr D Lartz neem as voorsitter waar.
Dr D Lartz officiates as chairman.
C. Die Adviesvraag word staande die Sinode afgehandel.
The Advisory question is concluded while the Synod is in session.
D. **Besluit:** Versoek tot advies word verwys na Studiedeputate om die Sinode in die lig van die probleemstelling in die Adviesvraag, te adviseer.
Decision: Request for advice is referred to Study Deputies to advise the Synod in light of the problem statement in the Advisory question.

E. **ADVIESVRAAG / ADVISORY QUESTION**

Agtergrond Klassis Pretoria Moot het 'n adviesvraag rakende die uitsaai van eredienste vanaf GK Oos-Moot ontvang (kyk Bylae A). Hierdie vraag is na Studiedeputate verwys, wat met 'n Meerderheids- en Minderheidsrapport na die Klassis teruggekom het. Klassis Pretoria Moot het hierdie Rapporte na die Streeksinode verwys vir advies, waarna die Streeksinode die volgende besluit neem: *"Die Rapport word verwys na die Algemene Sinode vir advies aangesien dit moontlik alle kerke betrek."* Hiermee dan die Meerderheids- en Minderheidsrapporte vir advies aan die Algemene Sinode.	**Background** Classis Pretoria Moot received a question of advice regarding the broadcasting of worship services from GK Oos-Moot. This question was referred to Study Deputies, who came back to the Classis with a Majority and Minority Report. Classis Pretoria Moot referred these Reports to the Regional Synod for advice, after which the Regional Synod made the following decision: *"The Report from the Classis is to be sent to the General Synod for advice seeing as it likely has bearing on all churches in our fellowship*." Herewith then the Majority and Minority Reports for advice to the General Synod.
Rapport Studiedeputate oor Adviesvraag GK Oos-Moot oor uitsaai-eredienste	**Report Study Deputies re advice needed by GK Oos-Moot about broadcasting of public worship**
1. Opdrag Die opdrag volgens die Notule van Klassis Die Moot 12 Oktober 2021 is soos volg: *"Die voorsitter stel die punt aan die Klassis vir bespreking en na bespreking is besluit dat Studiedeputate aangewys word om 'n in diepte studie van die Besprekingspunt te doen en terug te rapporteer aan die volgende Klassis, wat DV te GK Pretoria sal plaasvind."* *Die Studiedeputate wat aangewys is, is*	**1. Mandate** According to Acts of Classis Die Moot 12 October 2021 the mandate is: "*The chairman tabled the point of advice and after discussion deputies for study were appointed to do an in-depth study on the subject and report back to the next classis, which will take place God willing at the Reformed Church Pretoria*." *Study deputies appointed by the Classis*

Ds JAG Henning (s), dr C Botha, oudl MA Buys, oudl JJ le Roux, ds BC Smit, ds AJ Dednam, oudl J Meijer, oudl SKB Godschalk en broeders van die VGK" (laasgenoemde in 'n advies-hoedanigheid.)	*are: Rev JAG Henning (c), dr C Botha, elders MA Buys, JJ le Roux, Rev BC Smit, Rev AJ Dednam, elders J Meijer, SKB Godschalk and brothers from Free Reformed Churches in advisory capacity*.
2. Uitvoering	**2. Execution**
2.1 Na bespreking tydens die eerste vergadering van die Deputate op 13 Januarie 2022, is besluit om die Deputate in twee subgroepe te verdeel om die studie te vergemaklik, naamlik Subkommissie A wat studie sou doen oor die wese van die erediens en Subkommissie B wat sou studie doen oor die beginsels vir hantering van God se gebod in buitengewone omstandighede.	2.1 After discussion at the first meeting of the Deputies on 13 January 2022, it was decided to split the Deputies in two groups to facilitate the work, namely sub-commission A to study the nature of public worship and sub-commission B to do study on the principles for using God Law in unusual circumstances.
2.2 Hierdie Kommissies het afsonderlik en gesamentlik vergader en gerapporteer by verskillende geleenthede. Daar is eksegeties en deur bronnestudie deeglike navorsing gedoen oor verskillende aspekte aangaande die erediens en oor kompromie as antwoord op 'n botsing van pligte.	2.2 The sub-commissions held both separate and joint meetings and reported on their findings. Exegetical and reliable source studies were done on different aspects of public worship and on compromise as an answer to a conflict of interest.
2.3 Oor baie sake kon die Deputate met mekaar saamstem, maar oor die wesentlike vraag of 'n uitsaaidiens 'n erediens is, kon geen ooreenstemming bereik word nie en daarom hou die Deputate hierin 'n Meerderheids- en Minderheidsrapport aan die vergadering voor.	2.3 The Deputies could agree with each other on nearly every point, but on the fundamental question namely if a broadcasted service qualify as worship, we could not agree and thus the Deputies present a Majority and Minority Report to the Classis.
3. Rapport 1 – Meerderheidsrapport Di JAG Henning, AJ Dednam, BC Smit, Oudle MA Buys en JJ le Roux	**3. Report 1 – Majority Report** Revs JAG Henning, AJ Dednam, BC Smit and elders MA Buys and JJ le Roux
3.1 *Die wese van erediens* God se Woord maak duidelik dat samekomste van gelowiges om God aan te roep plaasvind sedert Genesis 4:26.	3.1 *The essence of worship* It is evident from the Bible that the meeting of believers to call on God's name happened since Gen. 4:26.
3.1.1 <u>Die Ou Bedeling</u> Hierdie samekomste het aanvanklik plaasgevind rondom 'n altaar (Abraham wat van plek tot plek deur Kanaän trek en telkens altare oprig waar God verbondsmatig aanbid is). Die aanbidding word in die Pentateug geformaliseer met voorskrifte vir offerdiens in die tabernakel en dit word later voortgesit in die tempel. Die moontlikheid vir deelname aan	3.1.1 <u>The Old Covenant</u> Meetings initially took place round an altar. (ex. Abraham moving from one place to the next in Canaan and erecting altars where they worshipped God covenantaly.) This worship is formalized in die Pentateuch with laws about the sacrifices in the tabernacle. These laws continued in the service in temple. Participating in the sacrificial

hierdie gesamentlike aanbidding is soms verhinder weens onreinheid, siekte en oordele uit die hand van die HERE, (dink maar aan die sewentig jaar van ballingskap), maar selfs in tyd van aanvegting bly die opdrag van die HERE aan die volk om saam te kom en 'n vasdag te vier (Joël 1:14).

worship would sometimes be impossible because of impurity, illness, and judgements by the Lord (ex. the seventy years of exile). Even in times of affliction the command of the Lord still was to gather and sanctify a fast. (Joel 1:14)

3.1.2 Die Nuwe Bedeling

Samekomste van gelowiges o.a. ter wille van aanbidding is na die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster onderhou. (Hand 2:42)

Reeds voor Pinkster gee Jesus in Matt 18:20, binne die konteks van onderlinge toesig en verbondenheid van gelowiges aan mekaar, die versekering van sy teenwoordigheid waar twee of drie gelowiges in sy Naam vergader is. Die konteks maak duidelik dat vergader in sy Naam hier gaan oor:

(1) gesamentlike optrede
(2) beoordeling van die naaste sy dade en
(3) die aanbidding van gelowiges.

Die kernteks oor die vraagstuk is egter Hebreërs 10:25.

Hebreërs 10 staan binne die konteks van Heb 8-10 wat handel oor die voortreflikheid van die Nuwe Verbond teenoor die Oue. In die perikoop Heb 10:19–25 word die bloed van Jesus aangewys as die nuwe en lewende weg waardeur gelowiges in die heilige teenwoordigheid van God kom. Op grond van hierdie nuwe lewende weg word daar dan in vers 22-24 drie opdragte gegee, naamlik

- om toe te tree op hierdie weg (vers 22)
- om die belydenis onwankelbaar vas te hou (vers 23)
- en om op mekaar ag te gee, deur nie die onderlinge samekomste te versuim nie (vers 24).

Hierdie opdragte geskied op grond van die offer en die bloed van die Hoëpriester, Jesus Christus. Ons moet ons aan God verbind (in gebed) en aan die belydenis vashou; en ons moet mekaar aanspoor en mekaar vermaan tot die onderlinge

3.1.2 The New Covenant

The assembling of believers for worship is continued after Pentecost. (Acts 2:42).

Even before Pentecost (Matt 18:20) the Lord Jesus gave the assurance of His presence where two or three are gathered in his name. The context shows that gathering in his name generally implies:

(1) Joint action
(2) Judging each other's deeds
(3) And the communal worship of believers.

The most important verse on worship however we find in Hebrews 10:25.

Hebrews 10 stand in the context of Hebrews 8-10 about the excellence of the New Covenant surpassing that of the Old. In the pericope Heb 10:19-25 the blood of Jesus is confirmed as the new and living way whereby believers enter the presence of God. On the foundation of this new and living way into the holiest, three commands are given in verse 22-24:

- To draw near to God by this new way; (verse 22)
- To hold fast the profession of our faith (verse 23) and
- To consider one another, not forsaking the assembling together. (Verse 24)

These commands can be fulfilled only because of the blood of the High priest, Jesus Christ. Believers must unite themselves to God (by faithful prayer) and keep the profession of faith; we must consider one another to provoke unto love and to keep

samekomste.
Christus se offerbloed is daarom die grond vir die opdrag om saam te kom en mekaar te bemoedig en te vermaan.

3.1.3 Samevattend
Die Wese van die erediens vind ons dus in Christus. Hy is die Hoëpriester wat ons met sy bloed toegang gee tot God en ons versterk deur vashou aan die waarheid en wat ons as gelowiges aan mekaar verbind en op mekaar rig.

3.2 *Gevolgtrekking*
Erediens, of ontmoeting met God, vind plaas op grond van die offerbloed van Jesus Christus. Dis sy bloed wat ons tydens die ontmoeting

- bind aan God
- bind as gelowiges aan die gemeenskaplike belydenis,
- en ons ook as gelowiges aan mekaar bind in die onderlinge bemoediging en vermaning.

Daarom is dit die oortuiging van ondergetekendes dat

(1) enige ontmoeting van gelowiges in erediens, alleen moontlik is waar hulle liggaamlik teenwoordig is, om hierdie drie opdragte te kan nakom.
(2) die opdrag vir erediens nagekom word volgens ons belydenis in Sondag 38 Heidelbergse Kategismus, naamlik:
"*Eerstelik, dat die kerkdiens of die predikamp en die skole onderhou moet word en dat ek, veral op die sabbat, dit is op die rusdag, met die gemeente van God ywerig moet opkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, God die Here openlik aan te roep en aan die armes Christelike liefdegawes te bring; ten tweede, dat ek al die dae van my lewe van my bose werke moet rus, die Here deur sy Gees in my moet laat werk en so die ewige sabbat in hierdie lewe moet begin*."

assembling together.
Christ's blood therefore is the ground and foundation for this charge to gather and to encourage and admonish each other.

3.1.3 Summarised
The essence of worship is found only in Christ. He is our High priest giving access to God and strengthening us by keeping the truth and joining us as believers to one another.

3.2 *Conclusion*
Worship, or meeting with God, happens by the sacrificial blood of Jesus Christ. His blood, during the worship

- Binds us to God
- Binds us to our common profession

- And binds us as believers in a unity by comforting and exhorting each other.

It is therefore the certitude of the undersigned that:

(1) The gathering of believers in worship service is possible only where they are corporally or bodily present to perform the three functions of Heb. 10: 22-24.
(2) The command to worship is executed according to our profession in Lords Day 38 of the Heidelberg Catechism:
"*First, that the ministry of the gospel and the schools be maintained; and that I, especially on the Sabbath, that is, on the day of rest, diligently frequent the church of God to hear His word, to use the sacraments and publicly to call upon the Lord, and contribute to the relief of the poor, as becomes a Christian. Secondly, that all the days of my life I cease from my evil works and yield myself to the Lord. To work by His Holy Spirit in me; and thus, begin in this life the eternal Sabbath*."

3.3 *In praktyk*	3.3 *In Practice*
3.3.1 Kan buitengewone omstandighede van oorlog, ramp en pes (Openb 6: 8) dit vir gelowiges onmoontlik maak om saam te kom in erediens? Ja, dit kan gebeur dat God dit vir 'n tyd beskik dat samekomste van sy volk onmoontlik is. Dit is egter altyd tydelik (selfs al is dit 'n oordeelstyd van 70 jaar in ballingskap) en word deur sy beskikking weer opgehef. Selfs in daardie tye moet dit gelowiges se begeerte en onblusbare ywer bly om so spoedig moontlik weer met die liggaam van Christus te vergader.	3.3.1 Can the unusual circumstance of war, calamity, and pest (Rev 6:8) make it impossible for believers to gather in a worship service? Yes, God may will lit for some time that no worship services by his people is possible. This will however always be only temporary (The 70 years of exile) and in His time He will restore the worship. Even in times like these, it must be believers desire en fervour to again gather with the body of Christ as soon as possible.
3.3.2 Kan uitsaaidienste in sulke tye erediens vervang? Nee, uitsaaidienste is 'n kompromis wat soos baie ander kompromieë wel kan dien as hulpmiddel om die Woord uit te dra en gelowiges op so wyse te bemoedig en te ondersteun, maar sonder fisiese samekomste is uitsaaidienste (deur middel van klank of deur beeld en klank) steeds geen erediens nie. Enige kompromie is tydelik van aard en kan nie die wese van die erediens verander nie.	3.3.2 Can broadcast services (ex. via internet) replace public worship services in times like these? No, services that are broadcasted is a compromise and like all compromises it may serve as an aid in the encouraging and admonishing of believers by the Scriptures. Without physical presence broadcasted services (weather in sound or image) is not public worship. Any compromise must always be temporary and it may never change the essence of worship.
3.3.3 Wat van gelowiges wat hulleself in verstrooiing bevind, sommiges te midde van die heidendom en ander ingeperk vanweë siekte of ouderdom? Het hulle deel aan die erediens deur middel van inskakeldienste? Nee, omdat daar geen fisiese teenwoordigheid is, kan dit geen erediens wees nie en die afwesige luisteraar kan nie aanspraak maak op daadwerklike deelname aan die erediens nie. Gelowiges in verstrooiing moet daarom opgeroep word om, soos dit deur die eeue die geval was met die kerk, hulle waar enigsins moontlik, kragtens NGB, art 28 te voeg by medegelowiges in hulle omgewing en so te kom tot kerkstigting in hierdie wêreld en nie te steun op enige kompromie soos inskakel by 'n uitsaaidiens nie.	3.3.3 What about believers in exile living among a heathen society, or confined by illness or old age? Can they be part of public worship by joining on an internet broadcast? No, because there is no physical presence, they cannot be part of worship and believers that are absent cannot claim to have been part of the worship because they joined by internet. Believers in exile must therefore be called upon to join and unite themselves with the true church and seek out other believers where no church is yet instituted, according to Article 28 of the Belgic Confession. Believers may not rely on the compromise of services that are broadcasted.
3.3.4 Hoe moet uitsaaidienste beoordeel word in die lig van die wese van	3.3.4 How must we evaluate broadcast services considering the essence of

erediens volgens die Skrif?
Belangrike elemente van die erediens bly onvermydelik in die slag met enige kompromie. Liturgiese momente soos eredienssang, die onderlinge toesig en vermaning, gee van liefdegawes en veral die bediening van sakramente, word wesentlik beïnvloed en verdwyn selfs met ‘n kompromie.

Gelowiges wat weens siekte en ouderdom verhinder is om fisies mee te doen aan eredienste, kan steeds vertroos en versterk word deur die Woord wat op baie wyses na hulle kom, ook al moet hulle die oorvloedige rykdom van aanbidding van God in die midde van sy gemeente ontbeer. Dit is immers God se beskikking oor hulle lewe.

Advies
Hierdie Deputate adviseur GK Oos-Moot daarom soos volg:
Deelname deur inskakeling op ‘n elektroniese uitsending van ‘n erediens, is nie daadwerklike deelname aan ‘n erediens nie.

Minderheidsrapport
Die beginsels vir die hantering van die gebod van die Here onder buitengewone omstandighede

1. Inleiding
Uitvoering en historiese verloop: Die Kommissie kon oor hierdie onderwerp, na vele vergaderings, nie eensgesindheid bereik nie. Hierdie verslag dien dan as ‘n Minderheidsverslag en sal slegs opsommend, en nie beredeneerd, die Kommissie se gevolgtrekkings deurgee.
Die Kommissie bestaande uit Dr C Botha, dr E van Alten, oudl S Godschalk en oudl J Meijer stel dus die volgende punte aan die orde:
- Wese van die erediens
- Beginsels vir die hantering van die gebooie onder buitengewone omstandighede

worship according to Scriptures?
Important elements of the public worship service are unavoidably missed when any compromise is made. Liturgical elements like the singing of the congregation, the considering of brothers and sisters and admonishment, the contributions to the relief of the poor, and especially partaking in the sacraments are influenced and even completely disappear with a compromise.

Believers unable to participate because of illness or old age, can and must still be comforted by the Word of God reaching them in multiple ways. This must be the mission of the church even if these souls cannot enjoy the riches of worship in the presence of God and the community of believers. This is Gods decree for their lives.

Advice
These Deputies advise the Reformed Church Oos-Moot as follow:
Joining a broadcast of a worship service on electronic media is not actual participating in worship.

Minority Report
The principles for upholding the Commandments of the Lord in extraordinary circumstances

1. Introduction
Execution and historical course: The Commission could not reach consensus after many meetings on this subject. In this Minority Report, the Commission's conclusions are merely summarized and not explained.

The Commission consisting of Dr C Botha, dr E van Alten, elders S Godschalk and J Meijer therefore raises the following points:
- Essence of the worship service
- Guidelines for dealing with the commandments under extraordinary

- Gevolgtrekking
- Aanbevelings

2. Wese van die erediens

Ons wil dit uit die staanspoor onomwonde stel dat ons geensins afbreuk wil doen aan die wese van die erediens, soos wat dit vanuit die Skrif en ons Belydenisskrifte vir ons aangereik word nie. Tussen diegene wat die Meerderheidsrapport geskryf het én onsself is daar op hierdie punt geen verskil van mening nie. Ons wil daarom ook maan om dít, wat in die res van hierdie Rapport oor buitengewone omstandighede gesê word, nie in ons verstaan van die erediens in te lees nie.

Ons wil in hierdie paragraaf eenvoudig naspreek wat die Skrif en ons belydenis oor die erediens sê. Omdat daar al soveel waardevolle dinge hieroor gesê is – in Sinodehandelinge, in die Adviesvraag van die GK Oos-Moot, asook in die verslag van Subkommissie A van hierdie Deputate – is ons van mening dat ‘n herhaling hiervan nie nodig is nie. Ons beperk onsself daarom tot twee eenvoudige gedeeltes – een uit die Skrif en een uit die Heidelbergse Kategismus – om daarmee ons visie op die erediens te begrond en weer te gee.

Handelinge 2:42: “En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede.” Vier elemente kom in hierdie Skrifgedeelte na vore, wat na ons mening konstituerend is vir die erediens:

1. die leer van die apostels, wat die sentrale belang van die prediking in die erediens beklemtoon
2. die gemeenskap (koinonia), wat die onderlinge samekoms en sorg tussen gelowiges vir ons uitwys
3. die breking van die brood, wat ‘n bevestiging is van die plek van die nagmaal (en per implikasie ook die doop) in die erediens en
4. die gebede.

Hierdie vier elemente word in breë trekke bevestig in Sondag 38 van die Heidelbergse Kategismus: “Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die

circumstances
- Conclusions
- Recommendations

2. The essence of the worship service

We want to state this unequivocally from the outset. This is because we will in no way detract from the essence of the worship service, as it is presented to us in the Scriptures and our Confessions. Among those who wrote most of the report, there is no difference of opinion on this point. We therefore also want to do this, which is referred to in the rest of this Report as exceptional circumstances. However, we intend to do this in the way we understand the worship service's reading.

In this paragraph, we simply want to repeat what the Scriptures and our confession say about the worship service. Because so many valuable things have already been said about this – in Synod proceedings, in the advisory question of the GK Oos-Moot, as well as in the Report of Sub-commission A of these Deputies – we are of the opinion that a repetition of this is not necessary. We therefore limit ourselves to two simple passages - one from Scripture and one from the Heidelberg Catechism - in order to ground and reflect our vision of the worship service.

Acts 2:42: "*And they persevered in the teaching of the apostles and in the fellowship and in the breaking of the bread and in the prayers.*" Four elements emerge in this passage of Scripture, which in our opinion are constitutive of the worship service:

1. the teaching of the apostles, which emphasizes the central importance of preaching in the worship service;
2. the community (koinonia), which shows us the mutual gathering and care between believers;
3. the breaking of the bread, which is a confirmation of the place of the Lord's Supper (and by implication also baptism) in the worship service; and
4. prayers.

These four elements are broadly confirmed in Sunday 38 of the Heidelberg Catechism: "Also, especially on the day

gemeente van God saamkom (die ‘gemeenskap’ van Hand 2:42) om die Woord van God te hoor (‘die leer van die apostels’), die Sakramente te gebruik (‘die breking van die brood’), die Here openlik aan te roep (‘die gebede’) en die Christelike liefdegawes te gee (‘n konkretisering van ‘die gemeenskap’).

In hierdie twee gedeeltes, met die daarby behorende vier elemente, word die wese van die erediens beskryf. Ons wys hier egter nog op twee dinge:

2.1 Die HK se beskrywing van die erediens in Sondag 38 vorm ‘n onderdeel van die behandeling van die Vierde Gebod van die Here se wet. Dit is belangrik om dit in gedagte te hou, aangesien die hantering van die Here se gebooie later in hierdie Rapport weer aan die orde gestel sal word.

2.2 Die vier elemente van die erediens moet wys en oordeelkundig hanteer word. Die belang hiervan word duidelik wanneer in ag geneem word dat een van die elemente, nl. die Sakramente, nie in elke erediens aanwesig is nie. Niemand sal wil beweer dat ‘n erediens waarin geen Sakramente bedien word nie, nie meer ‘n erediens is nie. Dit wys op die noodsaak vir nuanse wanneer ons hierdie elemente gebruik.

3. Beginsels vir die hantering van die Gebooie onder buitengewone omstandighede

Die vraag ontstaan of bogenoemde perspektief op die wese van die erediens die enigste perspektief is op die hantering van die spesifieke Adviesvraag. Ons Kommissie is van mening dat daar ander bykomende perspektiewe ook oorweeg behoort te word, insluitende die botsing van pligte en ander omstandighede waarin dit onmoontlik is om – in hierdie geval – die Vierde Gebod volkome na te kom.

3.1 *Botsing van pligte*

Dit is in ‘n gebroke en gevalle wêreld onafwendbaar dat daar van tyd tot tyd situasies opduik wat buite die beheer van die mens is. Die beste, hoewel ook maar gebrekkige wyse waarop hierdie buitengewone omstandighede beantwoord kan word, is om vanuit die

of rest, I must gather diligently with the congregation of God (the 'community' of Acts 2:42) to hear the Word of God ('the teaching of the apostles'), to use the Sacraments ('the breaking of the bread'), to call upon the Lord openly ('the prayers') and to give the Christian gifts of love (a concretization of 'the community').

In these two sections, with the associated four elements, the essence of the worship service is described. However, we would like to point out two things here:

2.1 The HC's description of the worship service on Sunday 38 forms part of the treatment of the Fourth Commandment of the Lord's law. It is imperative to keep this in mind, as dealing with the Lord's Commandments will be brought up again later in this Report.

2.2 The four elements of the worship service must be handled wisely and judiciously. The importance of this becomes clear when considering that one of the elements, viz. the Sacraments, are not present in every worship service. No one would want to claim that a worship service in which no Sacraments are served is no longer a worship service. This points to the need for nuance when applying these elements

3. Principles for dealing with the Commandments in extraordinary circumstances

The question arises whether the above perspective on the essence of the worship service is the only perspective on handling the specific advice question. Our Commission is of the opinion that other additional perspectives should also be considered, including the conflict of duties and other circumstances in which it is impossible to – in this case - completely fulfil the fourth commandment.

3.1 *Conflict of duties*

It is inevitable in a broken and fallen world that situations arise from time to time that are beyond the control of man. The most practical, albeit flawed, way in which these extraordinary circumstances can be answered is to follow a biblical approach from an

etiese ‘n Bybelse benadering te volg. Die vraag is: Hoe hanteer die Bybel buitengewone omstandig-hede en wat kan ons by ons Verlosser Jesus leer aangaande die hantering van sulke situasies?	ethical point of view. The question is: How does the Bible deal with extraordinary circumstances and what can we learn from our Saviour Jesus regarding dealing with such situations?
Een manier waarop die Bybel buitengewone omstandighede benader, is wat in die etiek bekend staan as ‘n “botsing van pligte”. Wat hieronder verstaan moet word, blyk uit De Bruyn (1998:10) se beskrywing: “onder ‘n botsing van pligte word verstaan dat ‘n mens, as gevolg van die gebrokenheid van die menslike lewe vanweë die sonde, in ‘n situasie kan beland waarin gehoorsaamheid aan die een gebod van God kan lei tot die ongehoorsaamheid of dan die oënskynlike oortreding van ‘n ander gebod.” Daar is heelwat voorbeelde in die Bybel hiervan soos byvoorbeeld die noodleuen. Selfs in die optrede van Jesus, wat nooit die gebooie oortree het nie, sien ons dat daar by sekere situasies ‘n uitsondering gemaak word. Dink hier aan die vierde gebod en die kalf in die put (vgl Luk 14: 5), of waar Hy en sy dissipels deur die Fariseërs veroordeel is omdat hulle op die Sabbat kos bymekaar gemaak en geëet het (Matt 12:1-8).	One way in which the Bible approaches extraordinary circumstances is what is known in ethics as a "conflict of duties". What must be understood below is evident from De Bruyn's (1998:10) description: "under a conflict of duties it is understood that a person, as a result of the brokenness of human life due to sin, can end up in a situation in which obedience to one commandment of God can lead to disobedience or the apparent violation of another commandment." There are many examples of this in the Bible, such as the emergency lie. Even in the actions of Jesus, who never broke the Commandments, we see that an exception is made in certain situations. Think here of the Fourth Commandment and the calf in the well (cf. Luk 14: 5), or where He and his disciples were condemned by the Pharisees because they gathered and ate food on the Sabbath (Matt 12:1-8).
Indien die mens dan in ‘n situasie beland waar daar ‘n oënskynlike botsing van pligte voorkom, moet, volgens Buys (1976a:8-10, 1989:44–45), sekere beginsels en oorwegings in gedagte gehou word, naamlik: die gewetensbeginsel, die onderskeid tussen beginsel en norm, die liefdesbeginsel, die gesindheid van die hart en die verlossing deur Jesus Christus. Indien die noodleuen hier van toepassing sou wees, is dit vanuit die bogenoemde duidelik dat as ‘n noodleuen vertel word volgens die riglyne soos genoem, dat in die sondige, gebroke wêreld waarin die mens woon dit soms gedoen kan word en ander kere gedoen moet word (de Bruyn).	Consequently, if the individual finds themselves in a situation where there is an apparent conflict of duties, Buys (1976a:8-10, 1989:44-45) identifies several principles and considerations that must be kept in mind, namely: the principle of conscience, the distinction between principle and norm, the principle of love, the attitude of the heart, and salvation through Jesus Christ. If the emergency lie were to apply here, it is clear from the above that if an emergency lie is told according to the guidelines as mentioned, that in the sinful, broken world in which man lives it can sometimes be done and other times it must be done (de Bruyn).
Met dit in gedagte het die Kommissie besin oor wat die regte optrede sou wees wanneer ons gekonfronteer word met ‘n oënskynlike “botsing van pligte”.	With this in mind, the Commission reflected on what the right course of action would be when faced with an apparent "conflict of duties". Within this,

Hierin hou Calvyn, wat oor die Christelike vryheid praat, sekere bepalings voor vir die regte optrede binne die konflik-situasie van ‘n oënskynlike botsing van pligte. Hier word drie oorwegings in kort voorgestel:

